Wat het dit in jóú dae gekos?

Dit wat studente nie sonder kan leef nie – wegneemkoffie by **Café G.O.1** – is darem nog goedkoper as 1l petrol: R5,70

Nca'kos middagete: R9,50

Dinsdagaand-fliek?
Ook net goedkoop as jy een van hierdie het: R14

Wie't gesê Afrikaans is op die glyskaal?
Dié "plaas-rockers" is kookwater onder die Maties. Zinkplaat CD: R120

'n Lekker aand saam met jou droomou of meisie gaan jou met 'n redelike gat in die sak laat:
Dagbreek huisdanskaartjie: R300
Lydia huisdanskaartjie: R300

Handboeke by Van Schaik's:
Mikro-ekonomie: R330,50
Internasionale ekonomie: R149,50
The Bill of Rights regshandboek: R344,95

In "Die Nostalgie" sing Laurika Rauch van "toe jy nog vir my met 'n tiekie kon bel". Vandag kan jy nie veel met 'n tiekie doen nie, maar jy kan darem nog vir onder R10 'n middagete in die Neelsie koop - R9,50 om presies te wees. Louise Steyn, 'n joernalistiekstudent aan die US, het gaan uitvind wat dit deesdae kos om 'n Stellenbosse student te wees.

Laat weet gerus wat dinge in jou dae gekos het! 'n Treinrit Kaapstad toe? 'n Roomys by Marcelle's? Dalk 'n bottel Tassies? 'n Bier by Tollies? Skryf aan: Die Redakteur: Matieland, Bemarking en Kommunikasie, Universiteit Stellenbosch, Privaat Sak X1, Matieland, 7602 of faks jou brief na (021) 808 3800 of stuur e-pos na media@sun.ac.za

Kort jou baaik 'n goeie tune-up?
Jaco Opperman, die nuwe "Piet" van Piet se Fiets naby Helderberg koshuis gaan jou R75 vra vir 'n Spring Service. (Weet iemand dalk hoe lank ou oom Piet die winkel gehad het?)

Onthou jy nog vir Anita by Students' Palace?
Lee Douwning se hare gaan hom hier R45 kos. Vir vroue is dit R70.